ELJADA HUIS –Artikel 21 (MSW reg no 2012/109020/08
Boekenhoutkloofstraat 949, Claremont.
T- 012 377 0503 / S-0728558289
eljadahuis@mweb.co.za
www.eljadahuis.weebly.co.za
Facebook – Eljada Huis

Eljada Huis
waar die HERE sorg en voorsien!
Reg no. 2012/109020/08

30 Augustus 2012

Dagsê Almal
Saterdag kom staan een van my afgedwaalde skape baie skaam voor my. Hy is baie vuil en duidelik nog nie behoorlik nugter nie. Hy vra met opregte skaamte verskoning vir sy gedrag en ons probeer agterkom waar lê die probleem. Hy sê dit is vir hom moeilik om nee te sê – ken ons nie maar almal daardie gevoel van "ek moes dit nie gesê of gedoen het nie?" – en ek gee hom genoeg swart koffie, 'n geleentheid om te bad en weer op 'n bed te slaap Hy het die afgelope week op die grond geslaap en geen bad geriewe gehad nie. Geen behoorlike kos om te eet nie en ek dank die Vader dat Hy hom weer hierheen teruggelei het. Dinsdag neem ek hom na die Kuriake Bediening toe (sy eie versoek) om vir die volgende paar weke intensief te gaan leer om op sy eie bene te staan en hoe om net op die Vader te vertrou (waar kom ons hulp vandaan?). Ek vra dus asseblief om aan Pieter te dink in u gebede. Op 47 besef hy daar is nie meer baie tyd of geleenthede vir hom nie en sal hy nou sy sokkies moet optrek – en hy WIL.
Corlia se twee dogters is albei is Gr. 10 en moes ook soos alle Gr. 10's 'n gemeenskapsprojek aanpak. Na vele oorwegings besluit hulle toe op die Eljada Huis. Die groep het die kleingoed van die huis bymekaargemaak, iets te ete gegee, saam met hulle gespeel en rol op die gras, "dress-up" gehou met Eljada Huis klere en die vreugde op almal se gesiggies was pragtig. Die mooiste foto's is geneem – kyk gerus op ons webblad www.eljadahuis.weebly.co.za daarna. Corlia kom sê agterna vir my met trane in haar oë sy het geloer na die byskrifte en dit was so mooi sy kon nie haar trane inhou van trots op haar kinders nie. Hul albei se geloof is so mooi en oortuigend dat dit mens met groot dankbaarheid vul. Corlia se Tom moet binnekort sy R700 betaal vir 'n skooltoer waarop hy baie graag sal wil gaan as iemand dalk kan help asseblief.
Baie dankie vir elkeen wat tot dusver 'n bydrae gelewer het tot my laaste versoek vir die gesinne wat in die huis en woonstel intrek oor die naweek. Ons is opgewonde om hulle daarmee te help.
Dit is lente en ons het die mooiste plante as geskenk ontvang om die tuin op te vrolik. Kom kyk gerus.
Ons Maandag kuier saam met die bejaardes is 'n fees. Swaarkry oumense wat met die minste klaarkom. Dankie Liza van bejaardesorg wat dit saam met ons vir die oumense 'n heerlike dag maak. Ook vir Ds. Kobus wat hul lei in bybelstudie wanneer hulle hier aankom.

Ons soek steeds na leë 1 en 2 liter plastiese bottels asook glasbottels vir die skoonmaakmiddels. Margarien en ander plastiese bakkies word baie gebruik en sal welkom wees asseblief. Ons sit die oorskiet kos vir Sr Rita van Hospice daarin sodat sy vir haar pasiënte waar sy tuisbesoeke doen en waar daar dikwels nie eens kookgeriewe is nie kan gaan gee. Sy is verskriklik dankbaar daarvoor.
Ons koskaste is maar altyd kort aan blikkies vleis, vis en groente. Kondensmelk, jellie en beskuitjies word gebruik vir terte vir ons oumense op 'n Maandag. Hul smul te lekker daaraan. Aanmaakkoeldrank vir die koningskinders en die huis natuurlik.

Eljada Huis groete
Annatjie